# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2011

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www.voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

***Stigtingsdag.*** Kasteel de Goede Hoop was die plek om te wees toe ons op 2 April saam met die Kasteel en Regiment W.P die stad Kaapstad se 259ste verjaardag herdenk het. Met 'n wolklose Tafelberg as agtergrond en briljante herfsweer het die stad se burgermeester saam met ons voorsitter en vise-voorsitter die Kasteel se droomagtige atmosfeer in 'n koets binne gery. Alles het presies verloop soos beplan, met volop kleur, klank en aksie. Kyk na die foto's op ons webwerf. Dit was 'n absoluut wonderlike ervaring, en ons Stigting het ons plig namens die VOC en die Stad wat hy gestig het, nogmaals nagekom. Voorsitter Leon het almal bedank en die gehoor gevra: Volgende jaar, selfde dag, selfde plek.



**Stigtingsdag by Kasteel** (foto Klaas Zaalberg)

Want soos ons al die afgelope sestien jaar doen, gaan ons voort en brei die geleentheid meer en meer uit. Die burgemeester het ons genooi om met hom daaroor te kom praat. As u goeie voorstelle het in dié verband, laat asseblief van u hoor? Ons het reeds met die Regiment, die Kasteel en die Stad nabetragting gehou en daar is nuwe dinge op die tafel vir 2012.

***Verwelkoming.*** Nuwe lede sluit steeds aan en dit is 'n plesier om dié keer vir mnre. Colin Johnston, Joop de Vente, Ben Beugelink, Hans Hoff en Francois Verster te verwelkom**.** Ek hoop dat lidmaatskap vir alle betrokkenes gelukkig en voordelig sal wees. Ons soek lede met belangstelling in VOC-sake en entoesiasme vir die uitbreiding van kennis en die bewaring van artefakte.

***Wilhelmus.***

Destyds, toe ons Stigtingsdag op eenvoudiger skaal by Huis der Nederlanden herdenk het en ons 'n trompetter by Beau Soleil-musiekskool moes huur om die Nederlandse volkslied *Wilhelmus van Nassauwe* te blaas, het die gehoor elke keer soos een opgestaan en die stadige, statige ou lied saam gesing. Noudat ons bande aangeknoop het met die Stad en 'n regiment van die Weermag met 'n orkes, brei die verband waarin hierdie lied gespeel word uit tot die begin van die stad self. Dit is, sover ek weet, die eerste opgetekende lied in die stad se geskiedenis. Johan Nieuhof, avonturier en skrywer van 'n waardevolle reisverhaal deur die VOC-wêreld, vertel daarvan. Op 2 Maart 1654 was die Kaapse herfs '*schoon, liefelijk sonneschijn-weer.*' 'n Myl-en-'n-half (10 km, dus in die omgewing van hedendaagse Table View?) van die Fort af het 'n walvis opgespoel, hoog en droog agtergelaat deur die gety. 'n Aantal mense uit die Fort, waaronder '*juffrouw Riebeeck*,' die kommandeur, een van die skippers en Nieuhof het daarheen geloop om die rariteit te bekyk. "*Wij klommen daer boven op en lieten den trompetter eens lustigh het deuntje Wilhelmus van Nassouwen op blasen*." Vate vir traanbrand was nie beskikbaar nie, maar die Goringhaicona-strandlopers het die geskenk van die natuur waardeer en vir hulle vleis en spek afgesny om te eet. [J. Nieuhof: *Johan Nieuhofs Gedenkweerdige Zee en Lantreise na en door Oost-Indiën*. Amsterdam, 1682; D. Bosman (red.): *Dagregister… deel I*, 1,2 en 3 Maart 1654, p. 204.]

***Kapel***
U weet van ons pogings om ’n interkerklike kapel in die Kasteel in die Oude Kat of eerste goewerneurshuis, waarin ook kerk gehou is, ingerig te kry. Dit is ’n voorkeur-lokaal met drie vertrekke, maar dit moet eers skoon gemaak en opgeknap word, en die Kasteel, soos ons arme Stigting, het werklik nie veel geld nie. By die Regimentele dinee die aand voor Stigtingsdag vertel ons toevallig aan ’n sekere kolonel van ons groot behoefte en verlange na ’n kapel wat soos voorheen vir kerkdienste, troues, doop en begrafnisse gebruik kan word. Die reaksie was spontaan; sy weermagsdeel kon help met die skoonmaak en voorbereiding, en ons staan nou ’n groot stap nader aan daardie ideaal.

***Strandstraat 94***
’n Komitee van die Stadsraad het die aansoek afgekeur vir verbouings aan wat ’n VOC- graanstoor genoem word, en daarmee stedelike bewaring gered van ’n hopelose warboel wat die toepassing van bestaande wetgewing amper onmoontlik sou maak. Ons verneem dat die eienaar na hoër gesag gaan appeleer.

***Nuus van Caemer die Haghe***
Die heer Rob Maier van ons sustersvereniging Caemer die Haghe wat die Kaap in September 2008 besoek het, skryf aan ons oor hulle reis na Sri Lanka, wat (as Ceylon) een van die pêrels in die VOC se imperiale kroon was. Daar was vyf goewerneurskappe op die eiland (Colombo die hoofsetel, Jafna, Galle, Manar en Trincomalee) en ’n aantal kommandeurskappe soos Baticalua, Negombo, Mature en Cotiar, elkeen met ’n menigte buiteposte. Die handelsware was o.a. tee, peper, kaneel en suiker. Die eiland is deur die VOC afgeneem van die Portugese oorheersers en die inheemse konings daarna deur geweld en ooreenkomste beheer. Toe ’n Britse leër en vloot die eiland (soos die Kaap) laat in die 18de eeu ten behoewe van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie afneem, het ’n groot aantal kinders van die Kompanjie nog daar (soos aan die Kaap) bly woon.

*Rob skryf:*
“Gezegend met drie weken zon, maakten 34 Participanten met Joffers, een rondrit over het 'groene eiland van de glimlach' (zelfs de Buddha glimlacht je overal voortdurend toe.)

I. Start in Colombo, na 10 uur vliegen met overstap in Dubay. Colombo is een stad, met een centrum genoemd naar het oud-hollandse Fort, die Amerikaanse trekken begint te krijgen (Houston). Over 30 a 40 jaar een volwaardige, trotse hoofdstad van een hopelijk vreedzaam eiland. In Colombo zijn nog enkele oorspronkelijke oud-Hollandse en Engelse gebouwen aanwezig, overheidsgebouwen, kerken met oude schilderijen en grafstenen. Naast het centrum een volkswijk (Pettah), waar de inwoners op straat leven (handelen, eten, kletsen, enz). Kortom zeer levendig. Een openbaring voor een stedenbouwer als ik, om te zien hoe de inwoners de publieke ruimte in hun stad gebruiken. Het Nationaal Museum is geweldig en wordt door vele Sri Lankezen (vooral schoolkinderen) bezocht. Bijzonder was het vele materiaal uit de tijd van de oude Koningssteden, de Portugeze tijd, de Hollandse tijd (munten,schilderijen, grafstenen, e.d.m.), de Engelse tijd en de tegenwoordige tijd. Sri Lanka is trots op haar verleden en toont geen enkele rancune.

II. Daarna - in het noordelijke binnenland- naar de (door de Engelsen opgegraven) Koningssteden, 500 v. tot 1500 na Chr. Anuradhapura en Mihintale, Sigirya en Polonnaruwa en de Rotstempel Dambulla.(tientallen en tientallen Buddha's, groot en klein). Het Buddhisme is geen godsdienst, maar vertoont wel enige trekken van het Hindoeisme,. Het Buddhisme is een filosofie. Je ziet dan ook op alle heilige plaatsen (die op een of andere manier met Buddha te maken hebben) de mensen mediteren zoals in Tempels, bij Dagoba's (ronde, vaak massieve koepels, met een relikwie van Buddha) en zelfs onder de Bo-boom (geplante loten van de oorspronkelijke vicusboom, overgeplant uit India, waaronder Buddhe zijn verlichting ontving). Natuurlijk op blote voeten en geen hoofddeksel op (kontakt tussen hemel en aarde door het lichaam heen).

III. Dan Kandy, de mooie culturele hoofdstad van Sri Lanka, fraai gelegen aan een meer. Naar de Botanische tuin (vooral fraaie, grote bomen),volksdansen en de Tempel waar de Tand van Buddha bewaard wordt (de Tand werd ook in de oude Koningssteden in speciale Tempels bewaard).

IV. Door het prachtige bergachtige binnenland,dat ons zo aan ons Indie deed denken (terrassen met theetuinen, sawa's en weer die schitterende bomen), naar twee safariparken in de droge zone van het zuid-oosten van het eiland.

V. Langs de zuidkust van het eiland (met voortdurend uitzicht op zee en palmenstranden), bezoeken aan de oorspronkelijke VOC overblijfselen, waarvan de gebouwen nog de voormalige Ceylon-Hollandse stijl vertonen.(varanda's, door kolommen gedragen, waar de Compagnies dienaren, na gedane arbijd, hun pijpje rookten. Matera, met haar vestingmuur, kerk en 'sterfortje' "Redoute van EcK", fraai gerestaureerd. Het hoogtepunt was Galle, met haar 5 m hoge (om het hele fort heenlopende) vestingmuren, die de tsunami glansrijk doorstond. Het karakter, binnen, van de vesting, met het vierkante stratenpatroon is nog zeer herkenbaar. Gebouwen in de vorm van kerken, woonhuizen, gouvernementsgebouwen en opslagplaatsen voor de producten die door de thuisvloot naar Patria werden vevoerd (met name kaneel en peper). Er wordt voortdurend gerestaureerd (met steun van Nederland), onder leiding van een soort Monumentenzorg.

VI. Terug naar Colombo, met onderweg een schitterende boottocht door een Lagune en een visvangst (groot sleepnet) aan het strand.

De accomodaties onderweg waren allemaal meer dan voortreffelijk en de kosten van de trip (onze bijdrage voor de wederopbouw van de economie in het land),bedroegen slechts E 2600,00 en dat was het meer dan waard en ook zo evenwaardig aan onze heerlijke reis naar Zuid-Afrika. Deze reis staat ook net zo gegrift in ons geheugen, omdat we ook de Dutch Burgher Union of Ceylon in hun eigen clubhuis bezochten en (gecostumeerd als Jan Pieters-zoon Coen) het bestuur tot "Councel" benoemde en de President-bij bevordering- tot Gouverneur, en zo hoort dat ook op Ceylon! .
Namens Caemer die Haghe
Rob Maier."
(Dankie Rob. Hopelik volg Stigting VOC eendag in julle vaarwater. Daar is soveel VOC-geskiedenis in die Ooste om te sien en geniet, sekerlik veel meer as hier.)

*Nota van Piet W. Ons wens Dan baie geluk met die 'Preise' wat die Caemer die Haghe aan hom toegeken het, soos verduidelik in die volgende brief (verkort):*

Sehr ghewaerdeerde Sinjeur Dan Sleigh,
Op den 20e Maerte herdencken wy in ons Patria elcke Jaehr deze glorierycke dagh, dat Johan van Oldebarnevelt in 1602 de Veurcompagnie sover wist te kryghen om die Vereenigde Oost-Indische Compagnie op te righten (De Stichtingsdag). De Caemer heeft de Beslissinck ghenomen om vanaf 2002, elcke vyf Jaehre feestelyck uyt te reycken de ***Preise VOC Caemer die Haghe***. De Uytreyckinck aen ene Instellinck of persoon, die sich heeft ingespannen om de VOC-ghedachtnisse in Eere te houden. Het Ghedencken heeft als doel, dat dees luistereycke Ghebeurtnisse van de Stichtingsdag nie in de Verghetelheid sou gheraack nie. (...)
In dit Jaehr 2011 stond de Caemer veur de beslissinck, die ***Preise*** in 2012 toe te doen kennen.
Daer bleeck vry snel unanimiteit te ontstaen die ***Preise*** veur 2012 aen U – Eedele Sinjeur Dan Sleigh - toe te kennen, van harte ondersteund deur de groep die in 2008 Zuid Afrika besocht had.
U bent niet alleen in Zuid Afrika ene Veurvechter omme het VOC-gedachteghoed uyt te draeghen, maer U bent hier te lande bysonder bekend veur Uwe grote VOC-kennis en Uwe publicaties van den VOC-tyde. Velen vant Nationaal Archief spreecken dan oock mee grote waerderinck over U.
De ***Preise*** sou U uytghereyckt worden; den 20e Maerte 2012 (ons Erfnisdagh) in aenwesentheit van de Participanten, Joffers en andere Ghenoden, die op enigerlei wyze betrocken syn by die VOC Geschiednisse. Tevens light in ons veurnehmen, die Ambassadeur van Zuid Afrika te noden evenals de vertegenweurdighers van de ons bevrunde VOC Kamer Antwerpen. (...).
*(Get. Sven Niels: Scriba)*

***Robbeneiland***
Lid Rudolf Andrag het 'n artikel uit die Nederlandse koerant *NRC Handelsblad* gedateer 15 Maart 2011 aangestuur met interessante inligting. Opskrif: *Robbeneiland is 'zwart' erfgoed.* Subtitel: *Leidse archeologen vrezen dat VOC-schepen prooi worden van plunderaars.* Onderskrif by foto van toegangspoort: *Robbeneiland*

*trekt toeristen omdat Mandela er gevangen zat.* Inhoud, kortliks: Die Centrum Internationale Erfgoedactiviteiten uit Leiden werk sedert 2009 saam met SAEHA om met Leidse studente om en op die eiland ondersoek te doen en plaaslike studente en die eiland se museumpersoneel te interesseer in argeologie en erfgoedbeheer. Waarop ek sê: Dank die vader, en die C.I.E., en ook die Nederlandse regering wat vermoedelik die projek help befonds. Want ek hoor vandag (20/4/11, Hitler se verjaardag?) dat die arme eiland se soveelste museumhoof ook geskors is, oor dieselfde ou probleme.

***Besoeke aan historiese Vergelegen en Babilonstoren.***

Op **Saterdag 9 Julie 2011 om 10:30** wanneer hulle beroemde kamelle (?) in blom is, besoek ons die landgoed *Vergelegen* buite Somerset-Wes. Hierdie vrugbare gebied waardeur die Lourensrivier vloei, was ingesluit in die transaksie waardeur die hele Hottentots-Holland in 1672 'gekoop' is van die Koina. (Lees gerus 'n ontleding van hierdie rare vroeë dokument in H.C. Bredekamp: '*Die grondtransaksies van 1672…*' in die tydskrif *Kronos*, deel 2, 1980.) **D**ie Kompanjie het sy buitepos Hottentots-Holland II hier aangelê as fasiliteit om waens oor die Gantouwpas na die binneland te kry en as steunpunt in die veehandel met die inlanders. Toe kom W.A. van der Stel in die prentjie, en die buitepos verdwyn asof 'n towerfee haar stokkie daaroor geswaai het. . . Hoe om daar te kom: Somerset-Wes se hoofstraat begin by die verkeerslig voor die Lord Charles Hotel. (afrit 43 uit die N 1). In die rigting van die middedorp gaan ons oor vyf verkeersligte, dan kry jy die groot kruispad, met verkeersligte en links bo 'n groot groen bord met die naam *Lourensfordweg*. Draai daar links en hou aan met die pad, verby verskeie klein sirkeltjies.
Aan die regterkant sien jy die statige ingang met die naam *Vergelegen.* (Dit is nog voor Hotel Erinvale) Ons vergader om 10:30 op die werf waar u die VOC-vlag sien. Daar is die gewone fooi van R30 per persoon. Vriende en familie altyd welkom. Teken asseblief die datum aan.

*Babilonstoren,* tussen Stellenbosch en Franschhoek is in 1690 aan 'n vryburger uitgereik, en die Wes-Kaapse Koina was nog 'n deel van hul weiding kwyt. Simon van der Stel se handtekening is onderaan die akte. Dit is 'n bekende wynplaas en die klassieke plaaswerf, pragtig onderhou, is 'n voorbeeld van die tipiese Kaapse argitektuur en werfuitleg, waar vooruitstrewende boere die land met Koina- en slawearbeid ontwikkel en ontgin het. Die wyn is verkoop aan die Kompanjie se gelisensieerde pagters, wat dit weer in kleinmaat aan taphuise verkoop het. Hier kon die publiek dit koop. Die Kompanjie het wingerdbou aangemoedig en self groot hoeveelhede wyn as rantsoen, medisyne en sosiale gebruik aangekoop. Ons besoek *Babilon's Toren* op **Saterdag 20 Augustus om 10:30** Daar is die gewone fooi van R30 per persoon, om aan ons Tesourier te oorhandig. Vriende en familie is altyd welkom. Ons vergader om 10:30 op die werf waar u die VOC-vlag sien.
Teken asseblief die datum aan.
**Hoe om daar te kom**: Ry die N1 rigting Paarl. Draai af by R44, en draai daar regs rigting Klapmuts. Gaan oor die 4-rigting stop by die rietdak kerk en ry tot die volgende interseksie, draai links hier na Franschhoek (R45). Volg hierdie pad verby Backsberg. Babylonstoren is regs (ongeveer 6 km).
**NB !**: Deelname beperk tot 30. Meld asb aan by Boudewijn de Vries. Sy adres verskyn hierbo.
**NB2** Ons soek dringend na 'n organiseerder van ons uitstappies. Laat Boudewijn weet asb.

***Nuwe projek van Stigting VOC: Skeepmodel van die slaweskip* Meermin**
(bydrae van Piet Westra)
*Historiese agtergrond*
Gedurende 1765-1766 het die hoeker *Meermin* met 'n bemanning van 56 in opdrag van die Kaapse VOC 'n reis na Madagaskar onderneem om slawe vir die Kompanjie aan te koop. Tydens die terugvaart na die Kaap het 'n deel van die 140 slawe wat in Madagaskar ingeruil is, naby die huidige Port Elizabeth in opstand gekom en beheer oor die skip verkry.

Hierdie situasie is veroorsaak deur 'n algehele gebrek aan dissipline aan boord. Slawe is téén die uitgereikte instruksies uit hulle boeie losgemaak en toegelaat om vrylik op die oop dek te verkeer. Verder is 'n aantal slawe ook opdrag gegee om wapens wat in Madagaskar verkry is, skoon te maak. Op 18 Februarie 1766 was dit die direkte oorsaak dat die slawe die bemanning aangeval het. Die gevegte wat gevolg het het tot groot

lewensverlies onder die bemanning sowel as die slawe gelei. Die slawe het hierna met die bemanning ooreengekom dat die skip na Madagaskar terug sou vaar en hulle daar weer hulle vryheid sou verkry. Toe etlike dae later land in sig gekom het, is die slawe oortuig dat dit hul land Madagaskar was. In werklikheid het die skip gedurende die dag en nag op verskillende koerse gevaar en het dit slegs tot die huidige Struisbaai gevorder. Die bemanning is gedwing om die skip hier op die strand te plaas. Toe die slawe aan land gegaan het is hulle deur soldate van die Kompanjie en die plaaslike bevolking oormeester en na die Kaap vervoer.

Die verhaal van die *Meermin* het 'n unieke plek in die geskiedenis van die Kaapse slawerny en selfs slawerny wêreldwyd. Daar was dikwels opstande aan boord van slaweskepe, wat egter byna sonder uitsondering met 'n ystervuis onderdruk is. In 'n onlangse 'geromantiseerde' dokumentêre film (konsultante o.a. Dan S. en Piet W.), wat vir televisieverspreiding in die VSA vervaardig is, word die betrokke slawe, en veral hulle leiers, as helde uitgebeeld, maar word terselfdertyd die vonnisse wat deur die Kaapse VOC-hof oor die skuldiges van hierdie dramatiese episode uitgespreek het, as gebalanseerd beoordeel.

*Die Meermin skeepsmodel*

In die Iziko Slawelosie is 'n permanente uitstalling gewy aan die gebeurtenisse rondom die slaweopstand op die *Meermin.* Deel hiervan is 'n lewensgrote replika van die agterste gedeelte van die *Meermin*, wat helaas nie 'n getroue weergawe bied van die oorspronklike skip en die manier waarop die slawe vervoer is nie.

Personeel van IZIKO het ongeveer tien jaar gelede 'n bekende skeepsmodelbouer, mnr Brian Donnely, genader om 'n getroue weergawe van die *Meermin* van ongeveer een meter lengte (skaal 1 / 36), te vervaardig. Mnr Donelly is 'n bekwame modelbouer, opgelei deur die befaamde vakkundige, wyle Bob Lightley. Hy het reeds die romp van die skip volgens gedetailleerde bouplanne uit die VOC-argiewe in Nederland, voltooi. IZIKO kon egter nie daarin slaag om fondse vir die verdere bou van hierdie skip te vind nie. Gevolglik het die projek tot stilstand gekom.

Die Stigting VOC het besluit om fondse in te samel om mnr Donelly in staat te stel om die model van die *Meermin* te voltooi. Hy het aanvanklik R120 000 gevra vir hierdie werk, maar is nou bereid om dit vir R90 000 te doen. Dit is 'n baie redelike bedrag vir 'n skeepsmodel van die beoogde kwaliteit en afwerking. 'n Verdere R10 000 word begroot vir die vervaardiging van 'n glas uitstalkas, byskrifte, versekering ens.

Die bedoeling is dat die Stigting VOC die eienaar van die model sal wees. Dit sal nadat dit voltooi is in permanente bruikleen aan die IZIKO Slawelosie vir uitstalling beskikbaar gestel word.

Verskillende instansies en persone sal versoek word om finansiëel tot hierdie belangrike projek by te dra. Die Stigting VOC sal die ingesamelde fondse beheer en sorg dat die projek suksvol afgehandel word. Mnr Donelly benodig ongeveer 'n jaar om die model, wat volgens die hoogste standaarde gebou sal word, te voltooi.

*(Naskrif: Die Van Ewijck-Stigting het vorige week die eerste R10 000 vir hierdie belangrike projek toegesê).*

### ***R.J. Gordon. Die Skotse Hollander wat die Gariep sy naam gegee het.***

(Bydrae van lid Con de Wet)

In die jongste uitgawe van *Maandblad Zuid-Afrika*, die lyfblad van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging, verskyn 'n artikel van een van ons erelede, prof. dr. Gerrit Schutte van Hilversum in Nederland, in verband met 'n nuwe publikasie oor Robert Jacob Gordon se ontdekkingsreise na die Kaapse binneland gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu.[1] Gordon was so 'n interessante en invloedryke figuur in die Kaapse VOC-geskiedenis dat dit die moeite sal loon om opnuut aandag aan sy loopbaan te gee.

Die Nederlandse leër het sedert die 17de eeu veral uit huursoldate bestaan en Jacob Gordon was 'n generaal-majoor van 'n brigade Skotse huursoldate. Hy was 'n Skot wat met 'n Nederlandse vrou, Johanna Maria Heydenrijk, getroud was. Hulle seun, Robert Jacob, is op 29 September 1743 in Doesberg in Gelderland gebore. Robert Jacob Gordon het in sy vader se voetspore gevolg, het in 1758 as kadet by die Skotse regiment aangesluit en in 1773 die kapteinsrang bereik.

---

[1] Gerrit Schutte, "De naamgever van de Oranjerivier" in *Maandblad Zuid-Afrika*, jaargang 88, no. 2 (Februarie 2011), pp. 28-29. Die publikasie waaroor dit gaan is Luc Panhuysen: *Een Nederlander in de wildernis. De ontdekkingsreizen van Robert Jacob Gordon (1743-1795) In Zuid-Afrika*. Rijksmuseum/Nieuw Amsterdam Uitgevers, Amsterdam, 2010.

Sy opleiding het egter nie net "wacht staan, gedrild worden en marcheren" ingesluit nie, maar hy het ook vreemde tale aangeleer en wis- en natuurkunde, antropologie en plant- en dierkunde bestudeer. Hy het ook reise deur verskeie Europese lande onderneem. Op een van dié reise het hy 'n Switserse meisie, Susanne Marguerite Nicolet, ontmoet met wie hy in 1780 aan die Kaap getroud is. Nadat hy die Kaap in 1773-1774 besoek het, het hy drie jaar later teruggekeer as kaptein van die garnisoen.

In Oktober 1777 vertrek hy op sy eerste landreis na die binneland van die Kaap, vergesel deur die Britse botanikus William Paterson en die Duitse VOC-soldaat en tekenaar Johannes Schumacher. In Maart 1778 keer hulle terug, maar vyf maande later vertrek hy weer aan die hoof van 'n militêre ekspedisie. Goewerneur baron Joachim van Plettenberg vergesel die geselskap met die doel om met die grensboere, die Boesmans en Xhosa samesprekings te voer oor die vasstelling van die Visrivier as die oosgrens van die kolonie. Daarin was Gordon se vriendskap met die inheemse volke tot groot hulp vir Van Plettenberg. Na afloop van die amptelike sake en Van Plettenberg se terugkeer na die Kaap, het Gordon sy reis deur die Bokkeveld voortgesit. In Junie 1779 onderneem hy nog eens 'n reis – by hierdie geleentheid na die Noordweste – waartydens hy vir 'n tyd lank die loop van 'n groot rivier buite die grense van die Kaapkolonie volg. Ter ere van die Prins van Oranje het hy die naam Oranjerivier daaraan gee. Na sy terugkeer het die Vierde Engelse See-oorlog (1780-1784) veroorsaak dat Gordon eers weer in November 1785 op sy volgende reis kon vertrek. Dit was die laaste reis wat hy onderneem het, want vir die daaropvolgende jare het sy militêre verpligtinge sy volle aandag geverg. Hy het egter ook die tyd gebruik om aandag te gee aan sy dagboeke, kaarte, tekeninge en ander materiaal wat hy op sy reise versamel het.

Gedurende die tweede helfte van die 18de eeu het 'n hele reeks Europese ontdekkers deur die Kaapse binneland getrek, soos die reeds genoemde Paterson, Carl Peter Thunberg, Anders Sparrman en Francois le Valliant. Volgens Panhuysen was Gordon beslis die belangrikste van hulle almal, maar tog het hy vir 'n baie lang tyd vergete gebly want hy is op 'n relatief jong leeftyd oorlede en sy joernale en tekeninge het vir anderhalf eeu onbekend gebly nadat dit deur sy weduwee verkoop is. 'n Eeu na sy dood het sy tekeninge deur bemiddeling van die Vereeniging ZASM in besit van die Rijksmuseum in Amsterdam gekom. Vyftig jaar later het die Suid-Afrikaanse argivaris, dr. Alan Kieser, Gordon se dagboeke ontdek en het dit na Suid-Afrika teruggekeer toe die Oppenheimer-familie dit gekoop het.

Robert Jacob Gordon se lewe het tragies geëindig toe hy in Oktober 1795, slegs 'n maand nadat Britse troepe die Kaap in besit geneem het, selfmoord gepleeg het. Dit word algemeen aanvaar dat Gordon se ontnugtering oor die feit dat die Britse verowering van die Kaap voor sy deur, as bevelvoerder van die Kaapse militêre magte, gelê is. In ooreenstemming met die destydse gebruik wat ten opsigte van selfmoordenaars gegeld het, was Gordon se laaste rusplaas 'n onbekende graf buite die kerkhof. Selfs in sy dood het hy die onbekende gebly. Sy naam is egter verewig in Gordonsbaai, 'n kusdorp aan die Valsbaaise kus.

Die inleidende paragraaf by Gerrit Schutte se artikel waarna hierbo verwys is, som miskien Gordon se lewe aan die Kaap die beste op: "*Hij doorstond hitte, kou en dorst, at alles wat hem voorgezet werd en hield een hardloopwedstrijd met een nijlpaard. Ook liet hij zich baard en lange haren aaien en aangapen als hij poedelnaakt zijn witte vel in poel of rivier waste. Hij hield van 'kafferbier', danste even wild als de Hottentotten en luisterde liever naar een Bosjesmans-sjamaan dan naar het overleg in die Politieke Raad van de Kaapkolonie. Robert Jacob Gordon (1743-1795) was een fenomeen"*.

Die volgende publikasies lig Gordon se loopbaan aan die Kaap toe: C.J. Barnard, "Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1950, deel I; B. Gericke, "Gordon, Robert Jacob" in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel IV; H.F. Nel, "Die Britse verowering van die Kaap in 1795" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1972, deel II.

[Dankie vir die interessante bydrae, Con. Lede word genooi om stukkies VOC-navorsing met 'n basiese bronnelys te stuur vir publikasie in *Generale Missive*. Red.]

**Ds Van Lier se Graf.**

Op 'n koel, betrokke herfsoggend het omtrent 25 van ons in die hart van voorstedelike Nuweland om die geheimsinnige graf van die Kompanjie se ds Van Lier vergader, om sy interessante lewensverhaal by ons lid Kay te hoor. Dit was 'n absoluut *lekker* ondervinding, tipies van al ons Stigting se aktiwiteite: *interessant, genotvol (grootliks aan die geselskap te danke) en mooi.*

Ewe merkwaardig was die ryk swart grond daar onder die bome, want dit was die buitepos *'t Nieuweland*, waar verreweg die meeste van die Kaap se groente vir die skepe, hospitaal, garnisoen, slawehuis en begunstigde hoëlui gekweek is, met slawearbeid en uit die Kompanjie se krale en stalle bemes. En, na al die eeue nog onbebou. Oor hoekom die dominee daar, buite gewyde grond en buite die stad in die



koel, groen kompanjiestuin begraaf is, het ons lank bespreek. Enige antwoorde of voorstelle? N.S.: Lid Kay de Villiers het op 24 April die Burgemeester se Medalje vir diens aan die stad en gemeenskap op kultuurgebied ontvang. Veels geluk, Kay, van ons almal.

**Ds Van Lier se graf** (foto Nico Walters)

**Besoek ons VOC-Nederland in die nabye toekoms?**

Ons probeer vasstel hoeveel lede (en hulle maats) sou belangstel in 'n VOC-toer na Nederland in April/Mei 2012 of 2013, vóór ons met die reëlings en besprekings begin. 'n Maksimum getal van 30 en minimum van 15 persone is nodig en 'n deposito word verwag. Basiese maar behoorlike geriewe word beloof. Ons reisplan sal o.a. insluit: Texel (Oude Schild en De Burgh); moontlik Lelystad (as daar 'n skip in aanbou is); Enkhuizen (Peperhuis met wonderlike Opelugmuseum soos ons *Kleinplasie*); Hoorn (o.a. VOC-huis en '*scheepsjongens'*-beeld); Amsterdam (Oos-Indië Huis, Wes-Indië Huis, Ij-front met o.a. VOC-pakhuise, Schreierstoren, Scheepvaertmuseum, Rijksmuseum, Stedelike Museum); Leiden (o.a. Universiteit, Hortus, Lakenhalle, Tropenmuseum, Pieterskerk); W.A. van der Stel en Marie de Haase se graf in Lisse; Den Haag (o.a. Nationaal Archief waar die Groot Storie in manuskripvorm bewaar word, moontlik tot die einde van die aarde, Koninklijke Bibliotheek, Gevangenepoort, Oldenbarneveld-standbeeld, *Caemer die Haghe* indien moontlik); Delft (VOC-pakhuis, Ou Stadhuis, Groote Kerk (sy klokke hang buite die toring en in sy kelder rus die Prinse en Prinsesse van Oranje, Grotius-beeld); Rotterdam (Delftshaven, Maritieme Museum, Piet Hein-huis en skip-in-aanbou); Vlissingen en Middelburg. Ons besoek VOC-plekke en nie die populêre toeristeplekke nie, maar sal verstaan as iemand liewer die Van Gogh Museum as Wes-Indië Huis wil besigtig. Maklik. As ons ons vestig in 'n sentrale stad soos Leiden ('n fantastiese ou stad met herinneringe van my studentetyd en baie Kaapse skakels), is alles per trein bereikbaar. Sê spoedig 'Ja' aan ons Tesourier by sy e-posadres hierbo as u belangstel. Dit plaas geen verpligting op u nie, ons wil net weet of daar belangstelling in die plan is.

Ons herinner lede weer om asseblief hulle ledegeld vroeg te betaal, en aan ons mooi lapelspeld met die VOC-logo wat teen R70 by ons Tesourier te kry is. Ons werk na die dag wanneer hierdie lapelspeld u gratis toegang sal gee tot plekke waar ander mense betaal.

*Behouwde vaert!*

D. SLEIGH
REDAKTEUR